



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

**Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**NOTA VIR NASIENERS:**

Hou streng by hierdie memorandum wanneer nagesien word. Die standaardiseringsproses tydens memorandumbesprekings verseker dat die memorandum die meeste moontlike antwoorde van kandidate dek. Elke nasiener moet dit op konsekwente wyse verstaan en toepas. In sommige kwalitatiewe vrae moet jy jou professionele en ingeligte oordeel uitoefen.

**Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-beamptes/-adviseurs nagesien word aangesien dit spesialiskennis vereis.**

- By sommige vrae het kandidate 'n keuse. Indien kandidate beide vrae beantwoord het, sien slegs die antwoorde op die eerste vraag na.

- Kandidate kan 'n wye verskeidenheid antwoorde gee, afhangende van wat hulle in die klas behandel het.

- Hoë, medium of lae kognitiewe vlakke wat in elke antwoord verwag word, word in die Fokustabel onder elke vraag ingesluit.

- Nasieners moet NIE volpunte toeken vir 'n antwoord wat oppervlakkig en ontoereikend is NIE.

- Wees op die uitkyk vir wat die kandidaat weet, en nie vir wat hy/sy nie weet nie.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

## VRAAG 1: VERSORGING VAN VOETE, VEILIGE LANDING EN BESERINGS

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Versorging van voete, veilige landing en beserings | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | | | | | |
| 1.1 Onthou: Versorging van voete | | | | | 4 | | |
| 1.2 Toepassing: Veilige landing | | | | | | 3 | |
| 1.3 Analiseer: Skeenbeensplinters | | | | | | 3 | |

**NOTA AAN NASIENERS:**
- Baie moontlike antwoorde kan gegee word.
- Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die antwoord nagesien word.
- Kolpunte ('Bullets') word gebruik om nasien te vergemaklik.

**VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**(Slegs EEN antwoord word verwag.)**

1.1 1.1.1
- Was voete gereeld en droog dit goed af veral tussen die tone.
- Moenie in 'n openbare area kaalvoet loop nie om atleetvoet te voorkom.
- Moenie ander dansers se sokkies of skoene deel nie.
- Indien jy dansskoene dra, laat dit goed lug kry na elke les. (1)

1.1.2
- Draai die bal van jou voete toe wanneer jy dans om te voorkom dat die vel bars of skeur.
- Loop kaalvoet wanneer jy ook al kan om jou voetsole te versterk.
- Bedek areas wat tekens van blase toon met pleisters.
- Gebruik toonbeskermers wanneer jy *pointe*-werk doen.
- Hou jou voete vogtig deur daagliks 'n oliebasis-bevogtiger aan te smeer.
- Smeer met brandspiritus om die sole van die voete/tone te versterk. (1)

1.1.3
- Gebruik 'n handdoek om sweet af te droog om gly te voorkom.
- Gebruik poeier op jou voete, in jou skoene, om die hoeveelheid vog te verminder.
- Loop kaalvoet om jou voete 'n ruskansie van jou dansskoene te gee wat jy dalk vir lang tye dra. (1)

1.1.4
- Knip naels reguit af sonder 'n ronding en maak seker die naels is effens langer as die toon.
- Dra skoene wat goed pas. (1)

Kopiereg voorbehou 

1.2 **Kandidate moet 'n duidelike verduideliking van ten minste 60 woorde verskaf om volpunte te verdien. 'n Paragraaf word vir hierdie antwoord vereis.**

- Die belangrikste deel van spring is om aan die begin en einde van elke sprong die knieë te buig. Dit tree as 'n skokabsorbeerder op.
- Land moet deur die voet gebeur – tone, bal van die voet, laat die hak sak en eindig met 'n buiging van die knieë. Dit sal gehalte aan die beweging en spronge gee en gewrigbeserings voorkom.
- Om veilig te land na 'n sprong het jy 'n goeie postuur en sterk spiere nodig om die liggaamsgewig te ondersteun wanneer daar op die voete geland word.
- Die voete moet korrek belyn wees, met ander woorde die uitdraai van die voet moet vanuit die heupe en nie uit die knieë gemaak word nie aangesien dit na die enkels oorgedra sal word en gewoonlik het dit gesupineerde voete ('sickled feet')/voetboë wat vorentoe val, ens. tot gevolg.
- Jou liggaamsgewig balanseer oor die drie punte van die voet met die knieë wat oor die middeltoon buig wanneer geland word. (3)

1.3 **Kandidate moet inligting verskaf oor DRIE maniere hoe om skeenbeensplinters te voorkom EN te behandel om volpunte te verdien.**

- Skeenbeensplinters word gewoonlik veroorsaak deur op verkeerde vloere te dans – om dit te voorkom is dit noodsaaklik dat 'n danser op 'n geveerde houtvloer dans. Dra die regte skoene. Vermy spronge totdat die inflammasie afgeneem het.
- Dit kan ook deur oorgebruik veroorsaak word – te veel spronge in een klas of repetisie, nie tyd toelaat vir die spiere om te rus en te herstel nie. Oefening/Opleiding moet geleidelik vermeerder word soos wat die liggaam sterker word. Een behandeling is RYKE ('RICE').
- 'n Gebalanseerde klas wat opwarming en strek in die afkoel insluit, sal ook verhoed dat skeenbeensplinters voorkom. Strek laerbeenspiere voor en agter.
- Verminder die hoeveelheid impakwerk wat jy in 'n klas doen totdat die toestand verbeter. (½ x 6) (3)

**[10]**

## VRAAG 2: POSTUUR EN BELYNING

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Postuur en belyning | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | | | | | |
| 2.1 Toepassing: Korrekte postuur en belyning | | | | | | 3 | |
| 2.2 Voordele | | | | | | 3 | |
| 2.3 Evaluering: Kinestetiese bewustheid | | | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Baie moontlike antwoorde kan gegee word.
- Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die antwoord nagesien word.
- Kolpunte ('Bullets') word gebruik om nasien te vergemaklik.

**VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

2.1 **Kandidate moet verduidelik wat goeie postuur en belyning om volpunte te verdien.**
**Verduideliking moet die volgende insluit:**

- Goeie postuur is wanneer 'n liggaam goed in lyn is, al die liggaamsdele balanseer met mekaar.
- Goeie postuur en belyning vereis 'n sterk kern wat die ruggraat ondersteun en die natuurlike kurwes daarvan behou.
- Verlenging van die ruggraat en nek met die gewig oor beide voete.
- Die liggaamsgewig moet eweredig oor die drie punte van die voet of driehoek versprei wees.
- Wanneer die liggaam van die kant beskou word, moet daar 'n denkbeeldige reguitlyn vanaf die kop na die voete loop.
- Die kop balanseer bo-op die ruggraat met die kroontjie van die kop bo-oor die boog van die voet en die oë wat reguit vorentoe fokus.
- Die pelvis balanseer bo-op die bene op so 'n manier dat die abdominale (maag-) spiere, laerrugspiere en sitvlakspiere ewe veel saamgetrek is. (3)

2.2 **Kandidate moet die voordele van goeie postuur vir 'n danser kan verduidelik:**

- 'n Liggaam wat goed in lyn is, verbrand die minste hoeveelheid energie tydens klasse/opvoerings. Ontspanning en vrystelling van wanbalanse wat 'n effek het op die lyn en vorm van bewegings wat tydens dans gebruik word.
- Verminder die risiko van beserings.
- Vryheid van beweging in die bolyf/romp en die ledemate.
- Die vermoë om vinnig te beweeg – ratsheid.
- Voorkom moegheid terwyl daar gedans word omdat die bewegings maklik gedoen word.
- Beheer en balans tydens dansuitvoering.
- Voorkoming van lewenslange rugprobleme.
- Verbeter respiratoriese funksies.
- Sterk kernspiere en 'n sterk kern wat verseker dat spiere reg gebruik word. (3)

2.3 **Kandidate moet hulle antwoorde met VIER relevante redes ondersteun.**
**Moontlike antwoorde kan wees:**
**Kinestetiese bewustheid is noodsaaklik vir 'n danser omdat:**

- Jy sal 'n ontwikkelende sin van jou eie en andere se liggame in ruimte en tyd hê sonder om daarvan bewus te wees/sonder om gekorrigeer te word.
- Koördinasie en beheer sal verbeter aangesien jou bewegings spontaan sal word.
- Jy sal beter op ander dansers se aksies kan reageer en beter na die gehoor projekteer. Dit sal die gehalte van jou uitvoering verbeter.
- Jou vermoë om by ander dansers, vorms, patrone, ens. aansluiting te vind, hang alles af van 'n ontwikkelde kinestetiese bewustheid.
- Jou artistiese/estetiese kwaliteit sal ontwikkel word en dit is noodsaaklik vir die wyse waarop jy jou deur dans uitdruk.
- Dit sal ook die artistiese oordeel wat jy in die interpretasie van dans en beweging maak, beïnvloed. (4)

**[10]**

## VRAAG 3: FIKSHEIDSKOMPONENTE

| FOKUS VAN VRAAG + *kognitiewevlak-beskrywers* | ONDERWERPE | | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fiksheidskomponente | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | | | | | |
| 3.1 Onthou: Definisie van neuromuskulêre vaardighede | | | | | 1 | | |
| 3.2 Verduidelik: Verduidelik neuromuskulêre vaardighede | | | | | 4 | | |
| 3.3 Beskryf: Uithouvermoë | | | | | | 2 | |
| 3.4 Evalueer: Ontwikkel krag | | | | | | | 3 |

**VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

3.1 Die vermoë van die *brein* om boodskappe via die *senuweestelsel* na die liggaam/spiere te stuur. (1)

3.2 **Kandidate moet duidelik TWEE maniere beskryf en nie net noem nie:**
- Hoe meer 'n beweging geoefen word, hoe meer word die *neurale kanale* verbeter om boodskappe onmiddellik na *spiere* wat 'n spesifieke beweging moet uitvoer, te stuur.
- Die gevolg is bewegings wat outomaties gebeur, daar is geen bewuste denke daaroor nie – spiergeheue/engramme. (4)

3.3 **Kandidate moet verduidelik en nie net noem nie:**
- *Kardiorespiratoriese uithouvermoë* behels 'n sterk hart en longe wat suurstofryke bloed aan die liggaam lewer.
- *Spieruithouvermoë* behels die uithouvermoë van spiere om lang tye te werk sonder om moeg te word. Dit is nou verwant aan kardiorespiratoriese uithouvermoë aangesien die spiere 'n voortdurende toevoer van suurstof nodig het om te kan werk. (2)

3.4 **Kandidate word gevra om veilige maniere om spierkrag te ontwikkel, te evalueer. DRIE voorbeelde moet gegee word.**

**Moontlike antwoorde kan wees:**
- Gereelde oefening wat beide die agonistiese- en antagonistiese spieraksies ontwikkel.
- Vermeerder die toenemende oorlading op 'n spier geleidelik soos wat dit versterk.
- Doen spesifieke oefeninge vir verskillende spiere.
- Spierkondisionering saam met strekoefeninge oral.
- Opleiding deur 'n gekwalifiseerde dansonderwyser wat 'n danser se vordering volgens sy/haar fisiese samestelling, waar die danser in opleiding is, kan ontwikkel. (3)

**[10]**

**LET WEL:** **Die kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5. Sien slegs die EERSTE antwoord na.**

## VRAAG 4: VEILIGE DANSPRAKTYK EN BESERINGS

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Veilige danspraktyk en beserings | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | | | | | |
| 4.1 Onthou: Dansomgewing | | | | | 4 | | |
| 4.2 Toepassing: Veilige danspraktyk | | | | | | 3 | |
| 4.3 Evaluering: Gebalanseerde dansklas | | | | | | | 3 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

4.1 Kandidate moet VIER vereistes **noem** en 'n **rede** gee om volpunte te behaal. Kandidate kan oor die fisiese omgewing asook die emosionele omgewing antwoord.

4.2 Vra kandidate **waarom** veilige danspraktyk belangrik is en die **invloed** daarvan op opleiding.

4.3 Vra kandidate om hulle kennis van die praktiese klas te gebruik.

**VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

4.1
- **Dansruimte/-spasie** (½)
  - Daar moet geen hindernisse in die dansruimte wees nie en dit moet groot genoeg wees vir die aantal dansers sodat leerders nie teen mekaar of die hindernisse in die vertrek stamp nie.
  - Die leerders moet vrylik kan beweeg en groot bewegings uit die hoeke kan maak. (½)
- **Vloere** (½)
  - 'n Geveerde houtvloer is noodsaaklik aangesien dit as 'n skokabsorbeerder optree. Sonder die regte vloer kan dansers beserings en probleme met die voete, tibia (skeenbeensplinters), ruggraat en gewrigte ondervind.
  - 'n Nat of gepolitoerde vloer is gevaarlik aangesien jy kan gly – dit moet altyd droog en glad wees.
  - Te veel hars kan taai kolle veroorsaak wat dit moeilik maak om te draai en tot verstuite enkels en knieë kan lei – die vloer moet gereeld skoongemaak word.
  - Krake en gate in die vloerplanke kan die vel op die voete skeur. (½)
- **Ateljeetemperatuur**
  - Te veel hitte in die vertrek sal oormatige sweet veroorsaak wat tot 'n verlies aan elektroliete en dehidrering sal lei.
  - 'n Te koue vertrek sal veroorsaak dat spiere hitte verloor en die liggaamstemperatuur nie genoeg sal styg om die spiere warm te hou nie. (½)
- **Klere** (½)
  - Te los klere kan beweging bemoeilik en dit verhoog die risiko van beserings, bv. 'n broek wat te lank is, kan onder die voete vashaak. Alle klere moet goed pas.

- Klere wat te styf is, kan beweeglikheid belemmer en bloedtoevoer stop. Dans in sokkies verhoog die kans dat jy sal gly – dit moet vermy word.
- Skoene moet reg pas – pointe-skoene wat te styf is, kan blase en eelte veroorsaak; jazz- of baldansskoene wat nie die regte sole het nie, kan te glad wees; skoene met rubbersole kan vashaak en knieverstuitings veroorsaak. (½)

- **Dissipline in die klas – emosioneel en fisies** (½)
  - Leerders moet die omgewing of ruimte waarin hulle dans op 'n veilige en verantwoordelike manier gebruik.
  - Leerders moet respek toon in die wyse waarop hulle dink en teenoor ander in die klas optree, hoe hulle as 'n groep saamwerk/dansmaats optel/oplig, ens. sodat 'n dansmaat nie beseer word nie.
  - Leerders moet betyds wees vir die dansklas sodat hulle kan opwarm voordat die klas begin om beserings te voorkom.
  - Gereelde bywoning is noodsaaklik aangesien klasse wat gemis word sal veroorsaak dat die leerder nie 'n sterk, buigsame liggaam ontwikkel nie en dit kan tot beserings lei. (½)

4.2 **Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die antwoord nagesien word. DRIE voorbeelde moet gegee word.**
**'n Begrip van veilige danspraktyk sal die danser beskerm teen beserings, bv.**

- Opwarming voorkom dat stywe/koue spiere beseer word.
- Afkoel voorkom styfheid/pyn en die opdam van bloed in die spiere.
- Dansers moet weet hoe om reg te land sodat hulle nie enkels of knieë verstuit nie.
- Dansers moet verstaan waarvandaan uitdraai van die voet ('turnout') kom sodat gewrigte nie in onnatuurlike inlynstellings verdraai word nie.
- Dansers moet verstaan hoe om veilig te strek sodat hulle nie spiere en ligamente skeur nie.
- Dit sal dansers help om hulle liggame te ontwikkel om die beste te wees wat dit kan (verstaan hulle fisiese beperkings).
- Dit sal dansers help om op 'n veilige manier fiksheidsvlakke te ontwikkel.
- Dit sal 'n lang dansloopbaan bevorder. (3)
- Enige ander relevante antwoorde.

4.3 **Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die antwoord nagesien word. Ten minste 60 woorde.**

- 'n Gebalanseerde dansklas moet altyd met opwarming begin wat spesifiek is vir die aktiwiteite wat gaan volg.
- Dit moet altyd met afkoel eindig sodat die hartklop en liggaams-temperatuur na normaal kan terugkeer. Indien bewegings skielik gestop word, sal bloed in die bene opdam en afvalprodukte sal in die spiere versamel en styfheid veroorsaak.
- Die hoofstrekwerk moet aan die einde van die klas plaasvind om die spiere wat in die klas gebruik is, te verleng.

- Die hoofdeel van die klas/tegniek moet tussen die opwarming en die afkoel plaasvind en kan vloerwerk, kernwerk, draaie, spronge, vorentoe-beweging, ens. insluit.
- Tydens elke klas moet daar aan al die fiksheidskomponente gewerk word.
- Daar moet improvisasie wees om kreatiwiteit en probleemoplossing te ontwikkel.
- Dit moet danspassies en -kombinasies bevat om die danser se belangstelling te behou en die geheue en bewegingsvloei te ontwikkel.
- Dansspesifieke volgorde van 'n klas, bv. ballet sal balkwerk ('barre work'), kernoefeninge, adage, allegro, ens. insluit. (As 'n kandidaat slegs hierdie tipe antwoord skryf, moet elke afdeling verduidelik/regverdig word.) (3)

**[10]**

**OF**

**VRAAG 5: SPIERE EN AKSIES**

| **FOKUS VAN VRAAG + *kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Spiere en aksies | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | | | | | |
| 5.1 Onthou: Identifiseer spiere<br>Toepas: Spieraksies | | | | | 3 | <br>3 | |
| 5.2 Toepas: Spieraksie | | | | | ½ | | |
| 5.3 Toepas: Spieraksie | | | | | ½ | | |
| 5.4 Analiseer: Eksterne rotators | | | | | | | 3 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

5.1 **As die spier gemerk (A–F) nie korrek is nie, moenie die aksie nasien nie.**

A: Trapezius (½)
Een van die volgende: Slegs die aksie is aanvaarbaar.
- Oplig van die scapula/skouerblad
- Intrek en afplatting van die scapula
- Adduksie (½)

B: Agterdyspiere ('Hamstrings') (½)
Een van die volgende:
- Heupgewrigstrekking/-ekstensie
- Kniegewrigfleksie (½)

C: Gastrocnemius (½)
Een van die volgende:
- Plantaarfleksie van die enkelgewrig
- Fleksie van die kniegewrig (½)

D: Gluteus maximus (½)
Een van die volgende:
- Heupgewrigstrekking/-ekstensie
- Uitwaartse/Laterale rotasie van die femur
- Ekstensie van die femur
- Abduksie van die femur (½)

E: Latissimus dorsi (½)
Een van die volgende:
- Strekking/Ekstensie van die skouergewrig
- Adduk die humerus
- Roteer die humerus mediaal (½)

F: Deltoid (½)
Een van die volgende:
- Fleksie van die skouergewrig
- Strekking/Ekstensie van die skouergewrig
- Abduksie/Wegtrek van die skouergewrig
- Adduksie van die skouergewrig
- Roteer die humerus mediaal/lateraal (½)

5.2 Fleksie (½)

5.3 Strek/Ekstensie (½)

5.4
- Iliopsoas (1)
- Sartorius (1)
- Adduktors (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: IMPROVISASIE EN KOMPOSISIE

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Improvisasie en Komposisie | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Interpretasie van terminologie | | √ | | | | 5 | |

**NOTA AAN NASIENERS:**
Daar is verskeie maniere om hierdie konsepte te beskryf en te interpreteer. Evalueer die kwaliteit/gehalte van die beskrywings. Vir 6.1 en 6.2 gee 1 punt vir die definisie en 1 punt vir hoe dit belangstelling wek/'n komposisie beïnvloed.

6.1 **Ruimte:** Die area gebruik vir beweging, die ruimte om die liggaam, die ruimte wat deur die liggaam opgeneem word, die vorm van die liggaam of beweging, die rigting waarin dit beweeg. (1)
Om dit interessanter te maak kan jy die vlakke/rigtings/grootte van bewegings en vorms/kanale/fokus/simmetrie/asimmetrie, ens. verander. (1)

6.2 **Tyd:** Die spoed, duur of ritme van 'n beweging/frase/dans: hoe vinnig, stadig. gelyk of ongelyk, of lank of kort die beweging is. (1)
Aspekte wat 'n komposisie beïnvloed kan enige van die volgende wees: tempo/pas/ritme/dinamiek/maatslag/toonhoogte/sinkopasie/toonkleur/poliritme/melodie/harmonie/aksent/klimaks (1)

6.3 **Krag/Dryfkrag:** Dit dra by tot die dinamiek deur die hoeveelheid energie gebruik en die wyse waarop dit gebruik word, bv.: sterk/liggies/rukkerig/glad/kragtig/geforseerd/aktief/passief. Dit sal bydra tot die bedoeling/intensie van die beweging. (1)
**[5]**

### VRAAG 7: GEMEENSKAPSCHOREOGRAFIEPROJEK

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gemeenskapschoreografieprojek | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | | √ | √ | | | | |
| 7.1 Beskryf: Doel van opvoering | | | | | | 2 | |
| 7.2 Organiseer: Voorbereiding en navorsing | | | | | | 4 | |
| 7.3 Noem: Bronne | | | | | 5 | | |
| 7.4 Organiseer: Sleutelrolspelers | | | | | | 5 | |
| 7.5 Genereer: Idees vir die opvoering | | | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Kandidate kan kies uit 'n wye verskeidenheid kriminele aktiwiteite en moet slegs op EEN geselekteerde tema fokus.
- Professionele oordeel is nodig wanneer geassesseer word of die inligting relevant is. Assesseer die gehalte/kwaliteit van die antwoord.

7.1
- Noem die fokus/tema van die opvoering. (1)
- Noem die sleutelboodskap van die opvoering/wat met die opvoering bereik wil word. (1)

7.2 Ten minste vier stappe, wat goed verduidelik is, moet ingesluit word soos:
- Navorsing oor die tema
- Onderhoude/vergaderings/besprekings met plaaslike leiers/polisie/ maatskaplike werkers, ens.
- Vind artikels wat in die media verskyn het
- Toegang tot statistiek
- Dinkskrum met ander deelnemers (4)

7.3 VYF noodsaaklike bronne genoem soos:
- Plek
- Repetisieruimte
- Musiek
- Kostuums
- Dansers
- Reklame/Advertensies
- Begroting
- Beligting
- Klank
- Verhoogbestuur (5)

7.4 Goeie verduideliking van hoe VYF belangrike gemeenskapsrolspelers en -organisasies betrokke sou wees. Moontlike antwoorde:
- **Polisiediens:** Nooi hulle om die opvoering by te woon en bespreek voorkomingstrategieë met die gehoor aan die einde.
- **Plaaslike besighede:** Vra hulle om te borg of in die program te adverteer.
- **Plaaslike munisipaliteit:** Nooi die burgemeester of raad om aan die besprekings aan die einde deel te neem.
- **Plaaslike godsdiensorganisasies:** Vra hulle om 'n ete te organiseer om benadeelde persone te lok om die opvoering by te woon.
- **Departement van Welsyn of maatskaplike werkers:** Vra hulle om te help met inligting en raad.
- **Plaaslike pers/media:** Vra hulp om bewustheid van die projek in koerante en op die radio te skep.
- **Plaaslike kunstenaars/dansers/musikante/dekorontwerpers:** Nooi hulle om hulle tyd te skenk om op enige wyse te help. (5)

7.5 Beskrywing van die bewegings kan die volgende insluit:
- Kunsvorms wat gebruik sal word – drama/dans/sang, ens.
- Spesiale effekte om die boodskap oor te dra/kostuums/rekwisiete, ens.
- Tipe dans/bewegings wat ingesluit moet word – gebruik simboliek. (4)

**[20]**

## VRAAG 8: MUSIEKELEMENTE EN MUSIKALITEIT

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Musiekelemente en musikaliteit | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | √ | √ | | | | |
| 8.1 Onthou: Musiekelemente | | | | | 3 | | |
| 8.2 Toepas: Musikaliteit | | | | | | 2 | |

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

8.1 8.1.1 **Tempo** (spoed): is die snelheid van pulse; die tempo kan vinnig of stadig wees, dit kan vinniger word (versnel) of dit kan stadiger word (vaartvermindering). (1)

8.1.2 **Toonhoogte:** hoe laag of hoog die note is met betrekking tot ander note – dink aan hoe 'n gil of grinniklaggie kan klink. (1)

8.1.3 **Poliritme:** twee of meer ritmes wat terselfdertyd plaasvind. (1)

8.2 **Ken 1 punt toe vir die definisie van musikaliteit en 1 punt vir hoe dit in die dansklas ontwikkel kan word.**

**Definisie:**

- Musikaliteit is die vermoë om die kenmerke/dinamiek binne 'n stuk musiek deur beweging te interpreteer – nie net in staat om die musiek te hoor nie, maar ook in staat om dit te voel/uit te druk deur beweging. (1)

**Ontwikkel:**

- Jy kan jou musikaliteit ontwikkel deur jou luistervaardighede te verbeter wanneer jy dans.
- Ontwikkel neuromuskulêre vaardighede wat musikaliteit sal verbeter.
- Gebruik verskillende genres, tempo's en ritmes om in die dansklas op te dans om die musikaliteit te verbeter.
- Om oor musiekelemente te leer en om dan te verstaan hoe om binne 'n stuk musiek daarvoor te luister, sal jou musikaliteit verbeter. (1)

**[5]**

## VRAAG 9: SUID-AFRIKAANSE DANSWERK

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Suid-Afrikaanse danswerk | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | | | √ | | | | |
| 9.2 Onthou: Komponis | | | | | 1 | | |
| 9.3: Onthou: Geselskap en genre | | | | | 2 | | |
| 9.4: Onthou: Bedoeling | | | | | 3 | | |
| 9.5: Uitbrei: Hoe kostuums die werk versterk het | | | | | | 4 | |
| 9.6 Verduidelik: Verhoogwerk, beweging, styl en danswoordeskat | | | | | | 4 | |
| 9.7 Analiseer: Choreografiese strukture | | | | | | | 2 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Nasieners moet die hele antwoord evalueer voordat punte toegeken word.
- Baie relevante antwoorde kan deur kandidate verskaf word wat nie by hierdie memorandum ingesluit is nie as gevolg van die diversiteit van hierdie afdeling.
- Al die relevante afdelings wat deur die vraag vereis word, moet ingesluit word om volpunte te verdien.

9.1 Naam van die danswerk en choreograaf – geen puntetoekenning.

9.2 Naam van die komponis/kunstenaar. (1)

9.3
- Naam van die dansgeselskap wat die werk opvoer. Indien dit nie 'n dansgeselskap is wat die werk opvoer nie, noem dit, bv. 'n solo-optrede deur die choreograaf, bv. *Gula Matari*/vryskutdansers, ens. (1)
- Dansstyl(e) en/of genre(s) van die werk. (1)

9.4 Die bedoeling/rede vir die choreografie van die danswerk:
- Polities
- Maatskaplik
- Emosioneel
- Vermaak (3)

9.5 Beskrywing van die kostuum(s)
- Hoe dit tot die danswerk bygedra het
- Hoe effektief dit was om die boodskap van die werk oor te dra
- Kandidate kan die simboliese gebruik van die kostuums insluit (4)

9.6
- Die dansstyl(e) gebruik
- Die tipe(s) bewegings en hoe dit tot die betekenis van die werk bygedra het
- Hoe danselemente gebruik is
- Tipe verhoog waarop die werk opgevoer is
- Hoe die verhoog opgestel is, gebruik is
- Die gebruik van rekwisiete/geen rekwisiete ander effekte
- Die gebruik van stelle/geen stelle en hoe dit die ruimte waarin opgetree moes word, beïnvloed het (4)

9.7
- Verhalend of abstrak
- Die gebruik van choreografiese strukture in die werk om betekenis/ bewegingsmotiewe, ens. te skep
- Begin/Einde
- Groeperings/Solo's/Dansmaats, ens.
- In harmonie/kanon (presiese nabootsing), ens.
- Onbeweeglikheid (roerloosheid), herhaling, oorgange (2)

**[16]**

**VOORBEELD VAN EEN MOONTLIKE ANTWOORD:**

9.1 *Orpheus in the Underworld* deur Veronica Paeper – geen punt toegeken.

9.2 Jacques Offenbach (1)

9.3 KRUIK. (1)
Klassieke ballet. (1)

9.4 Die werk is humoristies en die enigste doel daarvan is om die gehoor te vermaak en hulle te laat lag. Die tema is gebaseer op die Griekse mitologie-legende van Pluto en dit handel oor liefde, die huwelik, verraad en moederlike inmenging. Die aksie vind in 'n 1920's Mafia-tipe tydperk plaas. (3)

9.5
- Die kostuumstyl deur die hele ballet is tipies van die laat 20's en vroeë 30's, bv. die langlyfrokke en die mans in hulle sportklere en pofbroeke wat in daardie tyd mode geword het.
- Potloodstrepies ('Pin stripes') en swaelstertbaadjies/hoede en elegansie werk alles saam om die atmosfeer van 'n elite groep mense uit die hoë stand daar te stel.
- Die tweede deel toon dansers met outydse eenstukbaaikostuums wat op dekstoele gemaklik agteroor lê. Hierdie kostuums dra by tot die gevoel dat hulle op 'n luukse toerskip is.
- Die nagklubtoneel wys 'n can-can met meisies in swart en rooi volsirkelrompe met valletjies, visnetkouse, kousbande en vere in hulle hare. Dit dra by tot die outentieke era van die can-can. Die rompe word in die dans gebruik want dit word gelig om die dansers se bene te wys terwyl hulle dans.
- 'n Mafia-element word ook in die flambojante kostuums oorgedra. Die mans dra potloodstrepiepakke met hoede en strikdasse. Die vroue dra elegante aanddrag. Die kostuums dra by tot die nagklub-atmosfeer. Die 'godinne' dra aandjasse wat tot die gevoel van weelde bydra. (4)

9.6 **Tipe verhoog/hoe die verhoog opgestel is/gebruik van rekwisiete en ander effekte/stelle**
- Die werk word op 'n prosceniumboogverhoog aangebied.
- Die verhoog verander sodat dit soos 'n hotel, 'n luukse toerskip en 'n nagklub lyk.
- Baie van die ruimte op die verhoog word deur die uitspattige stelle en rekwisiete opgeneem sodat die hoofruimte waar opgetree word, na voor op die verhoog is.

**Dansstyl(e) gebruik/Tipe(s) bewegings en hoe dit tot die betekenis van die werk/danselemente gebruik, bygedra het.**
- Hierdie werk gebruik die hele dansgeselskap (al die dansers).
- Dit is verhalende choreografie.
- Die choreograaf gebruik op groot skaal dramatiese elemente om die storie van Orpheus te vertel.
- Die verhoog is meesal vol dansers wat, as hulle nie optree nie, in die agtergrond is om die toneel daar te stel.
- Daar is 'n sterk element van mimiek en gebare wat gebruik word om die storie te vertel en om die komediese element van die werk te dra.
- Die werk kombineer klassieke ballet met alledaagse bewegings.
- Dansers word pragtig op die verhoog en stelle gegroepeer met die gebruik van die verskillende vlakke wat ook as dansruimte gebruik word. (4)

9.7 **Choreografiese strukture**

- Die choreograaf gebruik harmonie met groot groepe dansers in elke toneel, bv. die hoteltoneel waar die Mafia aankom en die argument wat plaasvind onderbreek, die aërobiese toneel op die dek, die Mafia-toneel in die nagklub waar hulle saam die can-can-meisies optree/dans.
- Daar is duette binne die afdelings/dele om die verwantskap tussen sekere karakters uit te lig.
- Orpheus dans baie solo's waar hy sy emosies met gebruik van sy viool uitdruk.
- Verhalend (2)

**[16]**

**LET WEL: Die kandidaat het 'n keuse tussen VRAAG 10 en VRAAG 11. Sien slegs die EERSTE antwoord na.**

**VRAAG 10: VERGELYKING VAN INTERNASIONALE EN SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE**

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Carolyn Holden | Christopher Bruce |
| Dada Masilo | William Forsythe |
| Gary Gordon | George Balanchine |
| Gregory Maqoma | Jiri Kylian |
| Hazel Acosta | Martha Graham |
| Mavis Becker | Matthew Bourne |
| Sylvia Glasser | Mats Ek |
| Veronica Paeper | Pina Bausch |
| Vincent Mantsoe | Rudi van Dantzig |

| **FOKUS VAN VRAAG + *kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vergelyking van internasionale en Suid-Afrikaanse choreograwe | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | | | √ | | | | |
| 10.2 Onthou: Vroeë opleiding/invloede | | | | | 4 | | |
| 10.3 Vergelyk: Style | | | | | | 4 | |
| 10.4 Analiseer: Bydraes | | | | | | | 6 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Nasieners moet die hele antwoord evalueer voordat punte toegeken word.
- Baie relevante antwoorde kan deur kandidate verskaf word wat nie by hierdie memorandum ingesluit is nie as gevolg van die diversiteit van hierdie afdeling.
- Al die relevante afdelings wat deur die vraag vereis word, moet ingesluit word om volpunte te verdien.

10.1 Noem die TWEE choreograwe – geen punte toegeken.

10.2
- Wanneer hulle begin dans het
- Ondersteuning, of 'n gebrek daaraan, deur ouers
- Dansstyle tydens hulle opleiding geleer
- Politiese/Maatskaplike/Emosionele kwessies wat hulle ontwikkeling beïnvloed het
- Mense wat 'n invloed op hulle gehad het
- Vroeë opleiding in dansgenres kon 'n invloed gehad het op die styl/genre van die dans wat hulle as choreograwe gebruik
- Om laat in jou lewe te begin dans kan die ontwikkeling van nuwe en verskillende maniere om te beweeg, beïnvloed – nie deur vorige opleiding beïnvloed nie
- Politiese/Maatskaplike/Emosionele kwessies kan die inhoud van hulle danswerke beïnvloed.
- Sieninge van ouers en familie kan die wyse beïnvloed waarop 'n choreograaf met sy dansers/komposisie werk. (4)

10.3 **Kandidate moet twee verskille/ooreenkomste tussen die twee choreograwe verskaf.**
**Vergelyking kan insluit:**
- Die manier waarop hulle choreografeer – gebruik inspirasie vanaf hulle dansers deur improvisasie of doen dit individueel.
- Die gebruik van dansstyle/-genres
- Eie unieke dansstyl wat hulle kon geskep het
- Die tipe inhoud wat hulle in die danswerke gebruik/bedoeling van die werke
- Die gebruik van produksie-elemente in die aanbied van die werk
- Die gebruik, of nie, van programnota's om die gehoor se bewustheid van die werk te skep
- Die tipe musiekbegeleiding gebruik (4)

10.4 **Kandidate moet drie bydraes vir elke choreograaf verskaf.**
**Bydraes kan insluit:**
- Toekennings ontvang om hulle bydrae tot dans/uitnemendheid in dans te erken.
- Bydraes tot die opheffing van gemeenskappe.
- Ontwikkel repertoire in dansgeselskappe
- Gee jong dansers werks-/opleidingsgeleenthede
- Gebruik dans as 'n medium vir protes/onderrig, ens. (3 + 3) (6)

**[14]**

## VRAAG 11: ALFRED HINKEL

| **FOKUS VAN VRAAG +** ***kognitiewevlak-beskrywers*** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Alfred Hinkel | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | | | √ | | | | |
| 11.1 Onthou: Vroeë opleiding | | | | | 4 | | |
| 11.2 Evalueer: Onderrigmetodes | | | | | | | 4 |
| 11.3 Analiseer: Loopbaan en Jazzart | | | | | | 4 | |
| 11.4 Evalueer: Bydraes | | | | | | | 2 |

**NOTA AAN NASIENERS:**
- Baie faktore kan deur kandidate by hulle antwoorde ingesluit word.
- Professionele oordeel word verlang wanneer daar geassesseer word of die inligting relevant en feitelik is.
- Kolpunte ('Bullets') is gebruik om nasien te vergemaklik.

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

11.1 **Vroeë dansopleiding:**
- In Namakwaland gebore
- Begin op ouderdom van 10 jaar te dans
- Neem teen sy vader se sin aan balletklasse deel/sy vader sou nie sy seun se deelname aan 'n aktiwiteit wat sogenaamd vir vroue gereserveer was, duld nie.
- In die vroeë 1970's het hy sy opleiding onder dr. Dulcie Howes by die UCT Ballet School voortgesit.
- Het as 'n jongman baie min werklike opleiding gehad. Was hoofsaaklik self opgelei.
- Het by Jazzart-dansteater aangesluit en opleiding gekry. (4)

11.2 **Unieke onderrigmetodes:**

- Die daaglikse ervaring om in die benadeelde 'Kleurling'-gemeenskappe in Namakwaland klas te gee, waar daar nie behoorlike dansfasiliteite was nie, het die grondslag gelê vir sy ware oorspronklike en vindingryke benadering tot dans en onderrig.
- Sy ontnugtering met ballet het daartoe gelei dat hy nuwe maniere gesoek het om te verbind en nuwe dansbewegings te skep.
- Sy blootstelling aan sosiale Afrika-dans, Alexander-tegniek, loslaattegnieke, kontakimprovisasie en veelrassige geselskappe in opvoerings soos *Abamanyani* in 1986, het alles 'n invloed op sy ontwikkeling en benadering tot choreografie en onderrig gehad. Hierdie opvoering was 'n vermenging van dansstyle en was een van die eerste produksies waar Afrika-dans langs teaterdans opgevoer is en hierdie styl as 'n ernstige artistiese werk erken is. Dit het 'n groot invloed gehad op hoe hy choreografie beskou het.
- Sy metodes het op die behoeftes van die dansers gereageer.
- Sy blootstelling aan Afrika-dans het die manier waarop hy choreografie beskou het, gerevolusioneer.
- Improvisasie het 'n groot rol gespeel in hoe Hinkel nuwe maniere om te beweeg, ontwikkel het. Hy gebruik altyd hierdie medium in sy choreografiese werke en put idees en inspirasie uit die dansers. (4)

11.3 **Loopbaan as choreograaf en direkteur van die Jazzart-dansteater:**

- Het in 1976 John Linden en Dawn Langdown in Okiep, Namakwaland, ontmoet. Deur die jare baie met hulle saamgewerk.
- Saam met Diane Sparks – stig 'n veelrassige geselskap in Windhoek 'Di-al Dance Company'.
- Sluit by Jazzart as 'n danser en onderwyser aan.
- Neem die dansgeselskap in 1986 oor.
- Was sosiaal bewus van die politiek in Suid-Afrika in daardie stadium (apartheids-era). Die Jazzart-dansteater was 'n werktuig vir politieke protes vir Hinkel, deur die medium van lewendige optrede/opvoering.
- Was bekommerd oor rasse- en geslagsdiskriminasie en het sy kommer deur die optredes van die geselskap uitgedruk – *Bolero* was een so 'n werk.
- Het die behoefte om benadeelde gemeenskappe te dien, raak gesien en dit deur uitreikprogramme verskaf deur sy geselskap gedoen.
- Jazzart is as 'n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese geselskap bedryf.
- Het onlangs na die Noord-Kaap verhuis en 'n nuwe geselskap, genoem 'Garage', begin. (4)

11.4 **Bydrae tot dans in Suid-Afrika:**

- Die sukses van die Jazzart-dansteater wat die verskillende stadiums van politiese ontwikkeling in Suid-Afrika reflekteer.
- Jazzart is nog altyd met die vryheidstryd geaffilieer – indien die geselskap nie mettertyd aangepas en verander het nie, kon dit maklik irrelevant geword het.
- Gee geleenthede aan dansers met min of geen opleiding om professionele dansers te word.
- Moedig lede van die geselskap aan om verder te studeer.
- Het 'n opleidingsprogram vir studente.
- Beïnvloed dans in skole deur inwonende kunstenaars.
- Uitreikprogramme in landelike gemeenskappe.
- Hy dra by tot kontemporêre dans in Suid-Afrika deur sy eksperimentele choreografie en onderrigmetodes.
- Wen in 1996 die Standard Bank Special Award vir sy toegewydheid en bydrae tot dans in Suid-Afrika.

(2)
**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou